



Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124

STRAND

Tel: 021-8548592

E-pos:

adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2026-08-07

Liewe Ouers

SPUR-AAND: 5 AUGUSTUS

Baie dankie aan al die gesinne wat ons ondersteun het en die aand saam met ons geniet het! Ons het R3 500 ingesamel.

KONSERT

U sal eersdaags inligting i.v.m. kostuums, reëlins, tye, ens. ontvang. Dagboek asb. by voorbaat **Maandag 14 September** (kleedrepetisie- geen ouers), **Dinsdag 15 September** en **Donderdag 17 September** (konsertaande).

Die koste vir die konsert beloop **R150-00 per kleuter**. Dit sluit die maak van kostuums, klank, beligting en dekor in. Betalings moet asb. voor of op **Vrydag 4 September** op die D6-toepassing gedoen word. Ouers het ook die opsie om dit te EFT in die Laerskool se rekening met verwysing: *KL Konsert en kind se naam*. Bewys van betaling moet asb. per e-pos na die sekretaresse by adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za gestuur word.

Elke kleuter moet ook asb. 'n **plastiekhanger** met die **kleuter se naam en klas** (bv. Bere, Visse, Eende, Hasies, Bye, Skoenlappers, Besies, Miertjies of Naaldekokers) daarop vasgeplak, skool toe stuur. Ons sal dit ná die konsert weer terug stuur. Geen "baba-hangers" nie, asb. Daar moet ook plek wees om 'n broek op die hanger te kan hang (indien nodig).

KONSERT- DEKORVERGADERING: DINSDAG 4 AUGUSTUS

Baie dankie aan al die ouers wat bereid is om betrokke te raak by die dekor van die konsert. Ons het 'n baie goeie opkoms gehad.

GRAAD R-INLIGTING:

TANDARTS UITSTAPPIE

Baie dankie aan die ouers wat ons uitgehelp het met die vervoer van die kleuters.

Ons tema vir die week is:

PADVEILIGHEID

Ons persepsies is:

Getal: **8, ag en agste**
Klank: **v-klank**

Assessering:

Tel ritmies van 1 tot 30
Maande van die jaar
Ken adres
Ken selfoonnommer van een ouer
Ouditiewe geheue

Maandag 10 Augustus:

PUBLIEKE VAKANSIEDAG: Skool en Nasorg is gesluit

Dinsdag 11 Augustus:

Bring prente wat met 'n p-klankie begin

Woensdag	12 Augustus:	Collage 'n prent oor padveiligheid OUERKOMITEE-VERGADERING in die musiekkamer
Donderdag	13 Augustus:	Ons maak 'n getal 8 uit klei
Vrydag	14 Augustus:	Bak-en-Brou: 'n Verkeerslig

GRAAD RR-INLIGTING:

Die kleuters oefen nou elke dag aan hul konsertdansies. Ons wil vra dat u asb. nie die kleuters onnodig tuis sal hou nie. Dit is moeilik om te oefen as al die maats nie daar is nie. Kleuters moet ook soggens betyds afgelaai word, aangesien elke klas 'n beurt kry om vroegoggend in die saal te oefen.

Ons tema vir die week is: **KORING en BROOD**

Ons persepsies is:

Getal:	4
Klank:	e-klank
Kleur:	Geel
Vorm:	Reghoek

Maandag	10 Augustus:	PUBLIEKE VAKANSIEDAG: Skool en Nasorg is gesluit
Dinsdag	11 Augustus:	Ons maak 'n gemmerbroodman
Woensdag	12 Augustus:	Assessering: Ons skryf ons eie name (korrekte lettervorming; nie in hoofletters nie, asb) OUERKOMITEE-VERGADERING in die musiekkamer
Donderdag	13 Augustus:	Ons verf kolwyntjies
Vrydag	14 Augustus:	Lekkertjiedag

Geniet die langnaweek wat voorlê!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel

ONDERSTEUN ASB ONS 70-JARIGE PROJEK:

Die hele Lochnerhof-personeel het elkeen hul gunstelingresep gegee om hierdie boek saam te stel. Dit is definitief 'n kosbare herinnering vir elke Lochie om eendag terug te kyk na al die personelede wat oor hul pad gekom het!
Betalings op die D6 of EFT: R200

